**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.* *In U lig sien ons die lig.*

JAARGANG XXV 18 SEPTEMBER 1970 NR. 13

J. Heidema
*Kerkstraat 48, Potchefstroom.*
**Telefoon 5319**
**VIR PUKKE DIÉ FIETSWINKEL**

S.R.-voorsitter:

# GROTER GETALLE BRING BEPERKTE LOJALITEIT

## *Stempersentasie laag*

**MNR. LEON WESSELS, derdejaar regstudent is verkies tot voorsitter van die Studenteraad vir die termyn 1970/71. Mnr. Wessels is 'n inwoner van Over de Voor wat vanjaar vir die derde agtereenvolgende jaar 'n Studenteraadsvoorsitter lewer.**

Hy was voorheen voorsitter van die dagstudentebestuur en die S.R. V.P. en studenteraadsverteenwoordiger van die P.N.B. Mnr. Wessels het verklaar: „Ek is oortuig daarvan dat ons as studente 'n nuwe era binnegaan en dat ons tans die groeipyne daarvan ondervind. Daarom bied die nuwe termyn 'n geweldige uitdaging, veral omdat die Universiteit steeds groter word en die student se lojaliteit steeds meer beperk. Om studentetaal te gebruik; hy voel soms meer vir sy koshuis as die Universiteit in geheel.

**Inter-universitêre**

**Op inter-universitêre vlak gaan ons ook 'n opwindende tydperk binne. Dit sal my erns en opregte strewe wees om diens te lewer aan die studentegemeenskap en universiteit as geheel."**

Die ander nuutverkose lede van die studenteraad is Tiaan Coetsee, Koos Kruger en Kobus van der Walt (A.O.B.); Alwyn Kraamwinkel, Jorrie Jordaan en Leo van Schaik (A.B.K.K.); Lourens du Plessis Dawie Swanepoel, en mej. Louisa van der Vyver (K.V.V.); Kobus Booyens, Frans Kruger en Ockie Raubenheimer (P.N.B.); Johan Botha, Kobus Kotze en Ben Liebenberg (S.A.B.) en Gawie van Eck, Jacques Verster en Hennie Coetzee (S.S.B.).

**Dagbestuur**

Die Dagbestuur van die Studenteraad bestaan uit die volgende persone:: Leon Wessels (voors). Kobus van der Walt (o. voors.), Tom Bisschof (penningmeester), Elem du Plessis (sekr.) en Tiaan Coetsee (add. lid).

**'n Woordvoerder het aan Die Wapad meegedeel dat die stempersentasies oor die algemeen heelwat laer was as verlede jaar en die voorbeeld genoem van K.V.V. wat verlede jaar gespog het met 'n stempersentasie van 76% en vanjaar slegs 53% kon haal. Die stempersentasie van P.N.B. was slegs ietwat hoër as die van K.V.V.**

**Grootste**

Die lae stempersentasies word egter deels daaraan toegeskryf dat daar 'n heelwat groter lys van persone is wat stemreg het vanjaar, grotendeels omdat die stemregvereistes verlig is.

**Opmerklik van die nuwe Studenteraad van 20 lede wat terloops die grootste Studenteraad is wat nog aan die P.U. vir C.H.O. verkies is, is dat daar slegs 4 lede is wat op die vorige Studenteraad sitting gehad het, Hulle is die lede van die dagbestuur met uitsluiting van mnr. Bisschoff.**

Dames op die Studenteraad van die P.U. bly steeds aan die skraps kant. Slegs twee dames het hulle verkiesbaar gestel waaraan een, mej. Louisa van der Vyver, die paal gehaal het. Verlede jaar was mej. Bea Marais, die enigste lid van die skone geslag op die S.R.



**Lede van die dagbestuur van die Studenteraad. Van links na regs is, mnre. Tiaan Coetzee (addisionele lid), Kobus van der Walt (onder-voors.), Leon Wessels (voors.), Lourens du Plessis (sekr.), en Tom Bischoff (penningmeester).**

**(Foto: Fotokuns)**

# A.S.B. STUUR PUKSTUDENT NA DIE V.S.A.

**SO TUSSEN die drukke voorbereidings vir die komende eksamen is die ligpunt vir een van die studente 'n besoek van twee maande aan die V.S.A. Mnr. Faan Coetzee, ondervoorsitter van die S.R. in die vorige termyn en tans direkteur van die buitelandsestudentebetrekkinge van die A.S.B. sal besoeke aan ongeveer vyftien kampusse in Noord-Amerika tydens Des.—Jan. 1970—1971 bring.**

Die besoek staan in verband met die ASB se planne om kontak met buitelandse studenteorganisasies te maak.

Met die besoek sal gepoog word om „die Afrikaanse student met sy strewes en lewenswyse in die V.S.A. bekend te stel; 'n studie te maak van die studentelewe en -organisasies en om die algemene studente politiek en politieke strominge; vriendskapsbetrekkinge met goedgesinde universiteite en/of groepe te bewerkstellig asook die uitruil van studentepublikasies te bewerkstellig".


**Kontak is reeds gemaak met verskeie organisasies en die besoek beloof om interessant en veeleisend te wees, aangesien die V.S.A.-studente harde neute is om te kraak. „Tog is daar ook studente organisasies soos die Y.A.F. (Young American Freedom), wat hulle reeds ten gunste van vriendskapsbetrekkinge, ook op staatkundige vlak, tussen die V.S.A. en die R.S.A. uitgespreek het", het mnr. Coetzee gesê.**

Wat die geld betref sê mnr. Coetzee: „Dit moet ek vind waar ek dit kry, of beter gestel, waar ek dit soek. Bothaville distrik het 'n paar rand opgelewer en enkele nasionale organisasies soos Saambou het bydraes gemaak. Eersdaags sal Potchefstroomse firmas ook genader word".

- Persone wat belangstel om hierdie saak te ondersteun kan 'n bydrae maak en dit by die S.R.-kantoor inbetaal.

# *A.S.P.U.-KONFERENSIE BY PUK*

**DIE JAARLIKSE A.S.P.U.-konferensie word vandag en môre op die Puk-kampus gehou. Vanmiddag lewer prof. G. P. Pienaar van die Departement Perswetenskap 'n referaat oor „Sensuur op publikasies met besondere verwysing na die vryheidsgedagte by die volwasse jeug".**



**PROF. PIENAAR**
**Perssensuur en die volwasse jeug . . .**
**(Foto: Fotokuns)**

Vanaand word 'n geselligheid by die dam aangebied wat moontlik gemaak is deur 'n skenking van Pro Rege-Pers.

Môre-oggend word die nuwe bestuur vir die volgende termyn gekies. Elke studentekoerant is verantwoordelik vir 'n studiestuk, wat die oggend bespreek sal word. Die studiestukke is soos volg ingedeel: Heraut (R.A.U.) — Die taak en verantwoordelikheid van die studentekoerant t.o.v. die studenteraad, studentegemeenskap, Universiteitsowerheid en die bevordering van 'n Christelike perswetenskap. Perdeby (U.P.) — Die organisasie van die studenteredaksie met die oog op nuusinsameling.

Die Wapad — Die basiese beginsels van joernalistieke taal en styl. Irawa (U.O.V.S.) — Doeltreffende aanwending van koerantopskrifte. Upen (U.P.E.) — Gebruik van foto's. Die Pootjie (P.O.K.) — Die vereistes vir beriggewing kontrasterend teenoor die vereistes vir rubrieke en die hoofartikel. Trompie (N.K.P.) — Bladuitleg.

Die verrigtinge begin vanmiddag om drie-uur en môre-oggend om nege-uur.

## NAVORSING OOR OEGARIT

**DR. E. J. SMIT, senior lektor in semitiese tale het na Stellenbosch vertrek waar hy vir enkele maande navorsing gaan doen oor Oegarit. Vir die doel het hy 'n toekenning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ontvang.**

**BULT-APTEEK**
**ONS SPESIALISEER IN**
★ BOUTIQUE
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KUNSHAARSTUKKE
**AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS**
**Tomstraat 88b & c**
**Foon 5943, 3377**
**STUDENTE APTEEK**

# HET U GEWEET...

— *dat die eerste boek wat verskyn het 'n oplaag van slegs EEN gehad het?*
— *dat dit in Egipte geskryf is in die tydperk tussen die 18de & 19de eeu v.C.? Die onderwerp: „Die lewe, dood, begrafnis en opstanding van Osiris". Stel u al die papirusrolle voor!*
— *dat die oudste bekende geïllustreerde boek 'n soortgelyke drama was? Volledig met illustrasies van al die aksies en verhoogaanwysings.*
— *dat die eerste bekende wetenskaplike boek — 'n boek oor die snykunde en die organe van die menslike liggaam — dateer ook uit hierdie tydperk en is ook 'n pennevrug van die Egiptenare?*
— *dat Pro Rege reeds die begin van die derde kwartaal van 1970 aan sowat 276 uitgewers oor die hele wêreld geskryf het i.v.m. u voorgeskrewe boeke vir 1971? Net van een oorsese uitgewer alleen is sowat 2,194 eksemplare van verskillende titels bestel.*
— *dat Pro Rege uit sy voorraad van eie publikasies en diktate sowat 1,630 eksemplare van verskeie titels lewer t.o.v. voorgeskrewe boeke vir 1971?*
— *dat die eerste openbare biblioteek in Amerika deur ene Robert Keayne opgerig is in die jaar 1653?*
— *dat ons in die 18 jaar van ons bestaan reeds aan sowat 50,000 studente krediet verskaf het, en hulle van voorgeskrewe boeke en ander studie-benodigdhede voorsien het?*
— *dat boeke se verkooppryse deur die uitgewers vasgestel word, en dat die boekhandelaars nie daarvan kan afwyk nie?*
— *dat Pro Rege die grootste voorraad en verskeidenheid boeke en skryfbehoeftes in die ganse Wes-Transvaal en O.V.S. aanhou?*
— *dat die eerste drukpers na Amerika ingevoer is in die jaar 1638 deur eerw. Jose Glover?*
— *dat die naam van Pro Rege in haas elke studentepublikasie verskyn? As adverteerder, donateur of drukker.*
— *dat boeke in Suid-Afrika belastingvry ingevoer word?*
— *dat u nou reeds u voorgeskrewe boeke vir 1971 by ons kan bestel? Dit word dan op u rekening vir Februarie 1971 geplaas.*
— *dat ons posbestellings uitvoer oor die hele wêreld?*
— *dat ons NUWE bestuur daarop ingestel en só georganiseer is dat ons BETER en VINNIGER diens lewer as voorheen?*
— *dat 'n drukker se naam in Suid-Afrika op alle drukwerk moet verskyn?*
— *dat die eerste uitgawe van die „Encyclopaedia Brittanica" in 1768 in Edinburgh gepubliseer is?*
— *dat ons ook vlakdrukwerk van 'n hoë gehalte lewer?*
— *dat u al u probleme i.v.m. boeke ens. met ons kan bespreek, en dat ons berge sal versit om dit vir u te help oplos?*

## Die boekhandel vir die student

PRO REGE

# PRO REGE-PERS BEPERK

TOMSTRAAT 86,
TELEFOON 5236

POSBUS 343
KERKSTRAAT 95

POTCHEFSTROOM.

# HOOGTEPUNTE - 1970



Volgende jaar gaan dit dalk beter. (Foto: Fotokuns)




S.A.B. — groot verandering in die georganiseerde studentelewe. (Foto: Fotokuns)




Links: Sêrkampioene van Oosterhof. (Foto: Fotokuns)

Regs: Studente betoog oor kos. (Foto: Fotokuns)

Onder: Liberalia se wenvlot. (Foto: Fotokuns)





Die akademie word begrawe. (Foto: Fotokuns)



**19 - 16**



die WAPAD

VRYDAG 18 SEPTEMBER 1970

# *Optimisties oor die toekoms*

**In 'n tyd van jaarverslae en terugblikke is dit ook nie onvanpas om kommentaar te lewer in hierdie kolomme oor enkele aspekte van die Studentelewe in die afgelope termyn nie.**

**Allerweë word die termyn hier plaaslik as 'n suksesvolle een beskou. Die hoofliggame se bedrywighede was tot op 'n groot hoogte bevredigend maar seker ook nie so suksesvol as wat 'n mens dit graag wou hê nie.**

**'n Wye verskeidenheid redes kan hiervoor aangevoer word. Maar dit kan daarin saamgevat word dat die Pukke hulle bewys het as 'n studente massa wat reageer as daar iets aan hule gebied word. Terselfdertyd besef hulle ook nie altyd die geleenthede wat aan hulle gebied word nie. Veral waar dit gaan om die prinsipiële benadering van aktuele sake en vraagstukke was die reaksie soms teleurstellend power.**

**Studente besef nie altyd die vormende waarde (en dan wel uitdruklik volgens die Christelik-Nasionale beginsels) van hierdie inrigting nie. In die bewusmaking van hierdie besef lê 'n groot taak — nie alleen in die lesingsaal nie maar ook op die georganiseerde studentelewe.**

**Hierdie bewuswording sal onder meer 'n kalmerende invloed op die „woelinge" in studentegeledere meebring en aan die studente 'n bepaalde rigting aandui. „Studentewoelinge" in die afgelope jaar was meesal nie gekenmerk deur 'n prinsipiële benadering van die vraagstukke nie. Daar is dikwels fout gevind, maar selde is die pad vorentoe duidelik aangedui.**

**Dit is in hierdie opsig dat die P.U. vir C.H.O. se studenteleiers hulle taak met onderskeiding verrig het. As daar in die toekoms, soos vanjaar, vasgehou word aan ons beginsels deel ons die optimisme van die uittredende SR-voorsitter vir die toekoms.**

# *Die laaste een*

**Wanneer hierdie woorde gelees word het die redaksie van hierdie termyn vir alle praktiese doeleindes hulle werk i.v.m. hulle laaste uitgawe afgehandel. Soos op baie ander terreine van die studentelewe was die taak tydrowend maar ook bevredigend in baie opsigte.**

**Hiermee dan die redakteur se dank aan die ander redaksielede vir hulle gewillige samewerking. Hulle het 'n diens aan die studentegemeenskap gelewer wat feitlik onmisbaar was.**

**Die redaksie se dank aan die studenteraad wat ons instaat gestel het om hierdie taak te volvoer en die hartlike samewerking waarin dit kon geskied.**

**Ook ons dank aan die personeel van die Potchefstroom Herald-drukkery en Fotokuns vir hulle geduld wat ons so dikwels op die proef gestel het en die gehalte diens wat gelewer is.**

**En aan die volgende redaksie: Sukses vir die termyn.**

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

★ **BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING**

Nou OOK

'n wye keuse vir

★ **PLATE**

by

**PRO REGE - PERS BEPERK**

**„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"**

**Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.**

## Verwater standpunt

# OP HIERDIE WYSE KAN NAFSAS NIE SLAAG NIE

**„DIE VRAAG ontstaan dan tereg hoe hierdie organisasie 'n platform vir standpuntstelling wil wees as hy die grondslag vir enige standpunt wil verwater tot gematigdheid". Dit is die kritiek van mnr. Faan Coetzee in 'n artikel oor Nafsas in die jongste uitgawe van Woord en Daad, amptelike maandblad van die Calvinistiese Beweging.**

Die doel vir die stigting van die nuwe studenteorganisasie, Nafsas, was om uiting te gee aan 'n nuwe bedeling. Die nuusmedia het ander moontlikhede in die stigting van die organisasie gesien: Teenvoeter en/of stimulans vir die A.S.B., 'n spreekbuis vir die gematigde Engelse student in ooreenstemming met die landsbeleid met groter klem op soepelheid in die volkereverhoudings.

**Die term „nuwe bedeling" impliseer die bestaan van 'n ou bedeling skryf mnr. Coetzee. In die ou bedeling staan die A.S.B., Nusas en Saso as die primêre organisasies. Kontak tussen hierdie drie organisasies was swak of geheel afwesig. Nóg Nusas, nog Saso wou enige kontak met die A.S.B. hê. Nusas het die rol van ouer broer oor Saso gespeel totdat laasgenoemde besluit het om hom van die blankes te distansieer.**

Die A.S.B. het kontak op 'n ad hoc-basis gehandhaaf Die koms van Nafsas (National Federation of South African students) hang dan ook nou saam met die rol van kontak.

Die vader van die studentefederasie was mnr. Geoff McMinn van Stellenbosch. Verteenwoordigers van al die kampusse is persoonlik na die kongres genooi, baie sonder die medewete van hul onderskeie studenterade. Die pers het groot publisiteit aan hierdie stigtingskongres verleen.

**Grondslae**

**By die kongres is oor die volgende grondslae ooreengekom:**

- **die organisasie sou 'n sterk federale karakter hê.**
- **dit sou onder die bestuur van 'n uitvoerende komitee staan.**
- **dit sou oopstaan vir alle kampusse (ook nie-blankes)**
- **dit sou geen standpunt inneem oor „politieke" sake nie.**
- **dit sou nie op kulturele gebied inmeng nie.**

Hierdie grondbeginsels het baie kritiek ontlok. Hoe sou die hoofbestuur saamgestel word om te kon voldoen aan die vereistes van 'n land waar die samesnoering van blank en nie-blank in een organisasie verbied word sonder om teen lede te diskrimineer? Hoe sou die politiek van sport, en die politiek van kultuur geskei word?

**As die „gematigheid" op 'n bepaalde lewensbeskouing sou dui, kon die organisasie nie daarop aanspraak maak om 'n platform vir standpuntstelling te wees nie.**

**Die Toekoms**

„In sy huidige rol in die nuwe bedeling is Nafsas gedoem tot hoogstens 'n sekretariaat wat reeds in onguns is", meen die skrywer. Nafsas word tog 'n lewenskans gegun indien hy homself met die Konserwatiewe Engelse student identifiseer, aangesien hy dan die voordeel sal hê wat „ . . . lê in die vertroue wat hy sal kan geniet van sy mede-organisasies en waardeur hy kontak kan bewerkstellig op die skaal wat hy nou voortstaan, hoewel nie in dieselfde vorm as die huidige nie". Aldus mnr. Coetzee.

# EKONOMIESE VERENIGING SE PLANNE

**Mnr. Du Bruyn nuwe voors. van die Ekonomiese vereniging het in 'n onderhoud gesê dat die Ekonomiese Vereniging staan op die vooraand van grootskaalse uitbreiding in sy aktiwiteite.**

In die inwaartse beleidsrigting, waar die praktyk na die student gebring word, word beplan om 'n hele aantal vooraanstaande ekonome te nooi om die studente te kom toespreek.

In die uitwaartse beweging gaan daar gepoog word om verskeie van die naby geleë industrië te besoek. Sodoende kry die student dan geleentheid om met die praktyk op 'n georganiseerde vlak kennis te maak.

Ten slotte het hy daarop gewys dat die nuutverkose Bestuur reeds aansoek gedoen het om by die S.A.B. geaffilieer te word.

Die Ekonomiese Vereniging het op sy verkiesingsvergadering die volgende Bestuur aangewys:-

Voorsitter: Mnr. A. M. C. du Bruyn.
Sekretaresse: Mej. E. J. van der Walt.
Penningmeester: Mnr. S. J. M. de Beer.
Addisionele Lede: Mej. M. le Roux en mnr. A. W. Hoffman.

Die ere-president is dr. R. B. Fourie wat reeds deur die vorige Bestuur aangewys is.

# Uit die Woord

## NOOI ARMES EN VERMINKTES

*Lukas 14 : 7—14.*

*En toe Hy merk hoe hulle die voorste plekke uitkies, vertel Hy aan die genooides 'n gelykenis en sê vir hulle:*

*Wanneer jy deur iemand na 'n bruilof genooi is, moenie die voorste plekke inneem nie, ingeval daar nie miskien een wat waardiger is as jy deur hom uitgenooi is nie, en hy wat jou en hom genooi het, kom en vir jou sê: Maak plek vir hierdie man. En dan sal jy met skaamte die agterste plek begin inneem.*

*Maar wanneer jy genooi is, gaan en neem die agterste plek in; sodat wanneer hy kom wat jou genooi het, hy vir jou kan sê: Vriend gaan hoër op! Dan sal jy eer hê voor die wat saam met jou aan tafel is.*

*Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en wat homself verneder, sal verhoog word.*

*En Hy sê ook vir die man wat hom genooi het: Wanneer jy 'n môre- of middagete gee, moenie jou vriende nooi, of jou broers of bloedverwante of ryk bure nie sodat hulle jou nie miskien ook eendag weer uitnooi en jy vergelding ontvang nie.*

*Maar wanneer jy 'n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles en blindes, en jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou te vergeld nie; want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges.*

## REDAKSIE

**Hoofredakteur: Dawie Swanepoel**
**Subredakteur: Johan Preller — tel. 6701**
**Sosiale redaktrise: Louisa van der Vyver — tel. 2119**
**Politieke redaktrise: Henriëtte Murphy — tel. 3214**
**Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039**
**Sportredakteur: Phillip Otto — tel. 2172**
**Asst.-Sportredakteur: Dawid van Rooyen**
**Kunsredaktrise: Retha Coetzee — tel. 2071**
**Fotoredakteur: Ben v. d. Walt — tel. 7088**
**Fotograaf: Flip Dwinger**
**Sekr. Penningmeester: Johan Ligthelm — tel.**
**Spotprenttekenaar: Andre Schutte — tel.**
**Sirkulasiebestuurders:**
**Francois Kruger — tel. 2030**
**Louwtjie Naude — tel. 2030**
**Sosiale verslaggewers: Rheta le Roux; Elma Carstens; Maria Scheepers; Elsa Venter; Johan Yssel; Maria van der Walt; William du Toit; Jannie Earle.**
**Politieke verslaggewers: Nina Venter; Katrientjie van Rensburg; Jaques Verster.**
**Akademiese verslaggewer: Barbera de Klerk.**
**Sportverslaggewers: Ria de Klerk; Riana Fourie; Elsabe van Wyk; J. du Pisani.**
**Kunsverslaggewers: Nicolène Marais; Quinta Kruger; Liesbet Groenewald.**

Biblia 70 150

## PROGRAM VIR BYBEL-JAARVIERING

**DIE UNIVERSITEIT en die teologiese skool se bydrae tot die Bybeljaar neem die vorm aan van 'n vertolkende program, gebaseer op die Bybel, geskryf deur prof. W. N. Coetzee, op 9, 10 en 11 Oktober in die kerk by die teologiese skool.**

**Die naam van dié stuk is Die Woord van God en word aangebied deur die afdeling Spraak en Vertolking van die drama-departement en staan onder leiding van prof. Theunis Botha. Daar word van spreekkore, solospraak, musiektussenspel en beligting gebruik gemaak.**

**In 'n onderhoud het prof. Botha gesê dit gaan goed met die repetisies, en die kore lewer 'n pragtige klank. Die klank sal die gehoor oorkoepel, want dit is afkomstig uit verskillende dele van die kerk. Die Woord bly egter die belangrikste element.**

**Die klankontwerp word gedoen deur mnr. Kobus van der Walt van die departement elektronika. Die opvoerings begin om 8.15 nm. en dit is baie belangrik dat almal betyds sal wees.**

# Hoofliggame skets p_anne vir die nuwe termyn

**DIE HOOFLIGGAME gaan in die volgende termyn blykbaar meer die klem laat val op studentedeelname. Sommiges wil ook deur oorspronklike planne studente aktiveer en die belangstelling prikkel. Hier volg die planne wat hulle in die mou voer.**

**Mnr. Leo van Schaik, voorsitter van A.B.K.K.:**

Die A.B.K.K. sal in hierdie termyn weer poog om die koördinasie van sy onderliggame te laat vlot. Die agt onderliggame het verlede jaar goed gefunksioneer en op daardie basis sal dit voortgebou word.

Sêrkompetisies op 'n interkoshuisbasis sal weer besondere aandag geniet, asook die hulpverlening vir „Kuesta 71" ter uitbouing van die Kuns-kulturele aangeleenthede.

Daar word ook kursusse vir dames en mans beplan in verskeie kuns-kulturele aspekte om die A.B.K.K. nader aan die studentemassa te bring.

**Die S.S.B. het hulle soos volg uitgelaat:**

Met die nuutverkose studenteraad en al sy onderliggame, lê 'n nuwe jaar van werksaamhede vir ons voor. Elke hoofliggaam het dan ook sodoende sekere doelstellings wat hy die volgende jaar wil nastreef.

Dit is juis op hierdie gebied wat die S.S.B. 'n besondere taak het nl. om sy bestaansreg op die studenteraad weer in ere te herstel. Ons kan dit egter alleenlik regkry deur die heelhartige samewerking van al die sportklubs. Dit is dan ook hier waar elke klubkaptein 'n besondere taak het, omdat dit nie net die drie S.S.B.-lede op die S.R. is wat hierdie taak kan volvoer nie, maar die Sentrale Sport Bestuur as 'n eenheid.

Pukke, ons kry pragtige sportvelde met al die fasiliteite wat ons nodig het. Kom ons maak hierdie 1971 sportjaar om te onthou in die sportgeskiedenis van ons Alma Mater.

**Mnr. Kobus Booyens; voorsitter van P.N.B. het hierdie hoofliggaam se doelstellings soos volg geskets:**

Ek wil geen spesifieke beloftes maak oor wat gedoen sal word nie, ons sal egter poog om meer populêr politieke aangeleenthede ook met klem op die buiteland te bespreek. Om hierdie rede sal ons poog om meer van ander state se diplomatieke verteenwoordigers gebruik te maak.

Ek wil ook poog om in hierdie termyn die studentemassa meer aktief te betrek by P.N.B.-vergaderings. Die moontlikheid van 'n geleentheid waar 'n hele vergadering kan draai om vrae wat aan 'n deskundige op 'n sekere knelpunt gestel kan word en hy dit beantwoord, kan oorweeg word.

Dit sal baie waardeer word indien enige persoon wat enige goeie voorstelle het i.v.m. vergaderings dit aan die bestuur wil oordra.

Ten slotte wil ek die hoop uitspreek dat die P.N.B. daarin sal slaag om sy roeping te vervul, met die nodige ondersteuning kan hierdie hoofliggaam hierdie termyn 'n sukses wees.

**Mnr. Lourens du Plessis, voorsitter van Korps Veritas Vincet, het Korps se oogmerke soos volg verduidelik:**

As uitgangspunt kan gesê word dat Korps in die komende termyn wil voortbou op die fondament wat in die vorige termyn gelê is met besondere lewenskragtigheid as ideaal wat roep om vervulling.

Die vorige termyn het bewys dat dit wat van Korps geëis word, inwaartse beweging is — inwaarts na die wortels van die Puk se studentegemeenskap. Veral met die oog hierop wil Korps vanjaar die sg. selvergaderings op koshuisvlak — hoewel nog in sy eksperimentele fase — in al sy konsekwensies uitbuit. Daarom kan ek die verantwoordelikheid aanvaar om aan u te sê dat ons na u gaan kom, u gaan vra watter onderwerp u as koshuisgroep graag bespreek sou wou hê en wie u as spreker verkies. Ons sal dan vir u besprekings „om die teekan" reël.

Daarbenewens beoog ons ook twee spesiale aanbiedinge: een uitsluitlik vir dames en een uitsluitlik vir studente in die natuurwetenskappe.

*U moet voortdurend in gedagte hou dat Korps u organisasie is.* Daarom kan ek u met vrymoedigheid uitnooi om ook in die volgende termyn u konstruktiewe bydrae te lewer — deur deelname en deur kritiek.

**Mnr. Kobus van der Walt oor die A.O.B. se planne:**

Modebewustheid is die kreet waarmee die A.O.B. hierdie termyn se uitdagings aanvaar. Nie in die sin van kleredrag nie, maar wat georganiseerde ontspanning betref. Die A.O.B. sal poog om aan u as Pukstudent nuwe oorspronklike ontspanningsgeleenthede te bied. Ontspanning wat eie is van die lewensstyl aan die P.U. vir C.H.O.

Die ou tradisionele aksies soos die Lentefees, vrugtefees, kruiwaresies en die verwelkomingsdinee, sal weer eens aangebied word, maar tog word enkele nuwighede beoog. Veral tweede-fase ontspanning (dit is nie sleep nie) sal meer aandag geniet.

# UITTREDENDE VOORSITTER VAN S.R. KYK TERUG . . .

**„EK IS BAIE optimisties oor die toekoms van ons universiteit, omdat ons studente in hulle hele lewensbenadering toon dat hulle vashou aan die beginsels waaraan ons glo", het mnr. Johan Kruger, uittredende S.R.-voorsitter, in 'n slotwoord aan die P.U.-studentegemeenskap gesê. Hy het bygevoeg dat dit 'n eer en 'n voorreg was om in diens van 'n studentegemeenskap soos hierdie te kon staan.**



**MNR. JOHAN KRUGER**
**. . . optimisties oor die toekoms.**

Mnr. Kruger het verwys na enkele belangrike aspekte gedurende sy termyn. Die woelinge op politieke terrein het hulle ook op die studentepolitieke terrein weerspieël. „Ons het ook die geboorte van Nafsas ervaar en ook hoe die studentegemeenskap van P.U. vir C.H.O. hierdie organisasie met oortuiging verwerp het".

**A.S.B.**

Hy het ook gewys op die onrus binne die A.S.B. en die kreet na hervorming. Hy kan hom egter nie vereenselwig met die pogings om die A.S.B. se struktuur te verander en om dit te omskep in 'n „praktiese diensorganisasie" nie. „Ek voeg my egter by die stemme wat pleit vir 'n meer dinamiese beleidsuitlewing binne die bestaande struktuurопset".

**Mnr. Kruger het ook verwys na die fondamente wat gelê is vir die akademiese skakeling met andersvolkige universiteite, en die hoop uitgespreek dat die huidige studenteraad alle ondersteuning daaraan sal gee.**

Die stigting van die S.A.B. word beskou as 'n deurbraak van die interne aangeleenthede van die S.R. Die belangrikste kommissie-ondersoeke was die na die S.S.B. en die kleurbaadjie.

Die hoofliggame het 'n besondere bedrywige termyn agter die rug. Mnr. Kruger het ook na die hulpverleningsprojek van Korps verwys en die beriggewing deur koerante wat onskuldige studentepret as „gemengde sport" uitgemaak het. Hulle politieke motiewe was duidelik.

**Dr. Verwoerd**

Die uittredende voorsitter het ten slotte verwys na 'n telegram wat wyle dr. Verwoerd aan die studente gestuur het na die selfstandigwording van die Puk. Daarin is gesê dat die beslissing wat na soveel jare deur stryd bereik is, in die hande van die studente lê en die P.U. „. . . sal die Christendom en die nasie alleen volgens sy huidige aard dien solank sy studente in daardie sin Christelik en Nasionaal is en wil wees".

Mnr. Kruger het afgesluit met 'n woord van dank aan almal vir hulle meelewing en ondersteuning. „Daardeur het u 'n moeilike taak maklik en aangenaam gemaak".

# . . . EN SY OPVOLGER STEL NUWE BELEID



**MNR. LEON WESSELS**
**. . . 'n voorreg om te kan arbei.**

Mnr. Leon Wessels, nuwe S.R.-voorsitter, het enkele van die Studenteraad se beoogde aktiwiteite soos volg toegelig:

Om volledige manifestasie van die Studenteraad se beoogde aktiwiteite te verwag, sal ietwat onbillik wees. Daarom, in hierdie stadium slegs 'n paar punte op die sakelys wat die Studenteraad se onmiddellike aandag geniet.

Daar sal gepoog word om die regte klimaat te skep vir elke hoofliggaam, sodat beantwoord kan word aan die eise wat 'n groter wordende studentetal stel. Spesiale aandag sal aan die S.A.B. en S.S.B. geskenk word.

Die bestendiging van die S.A.B. is 'n noodsaaklikheid. Elke geaffilieerde akademiese vereniging moet hierby baat en die geleentheid kry om ten volle te kan ontplooi.

Die stabilisering van die S.S.B. en moontlike metodes om flinker te funksioneer sal ter tafel geneem word.

Ondersoek sal ook ingestel word na die wenslikheid al dan nie om die Studenteraadspublikasies en -advertensies meer te sentraliseer en dalk beter koördinasie te bewerkstellig.

Wat die eksterne studentepolitiek en inter-universitêre verhoudinge betref, is 'n mens bewus van baie knelpunte.

★ Dit sal ons strewe wees om ook hier 'n rol te kan speel.

★ Dit sal ons voorreg wees om te kan arbei en bou aan die Suid-Afrikaanse akker.

A. VORSTER APTEEK

Octron-gebou
Lombardstraat

VIR VINNIGE AFLEWERING

SKAKEL 7074

PARADISE RESTAURANT

- Dié kafee op die Bult met lugverkoeling
- dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
- EN SNOEKER SPEEL!

BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER

Tomstraat 86 Tel. 5171

# OVER DE VOOR MAAK TOE WEER SO

**OVER DE VOOR het weer eens bewys dat hy dié koshuis op die plaas is, nie net deurdat 6 van sy inwoners op die studenteraad is nie, maar ook omdat die S.R.-voorsitter vir die derde agtereenvolgende jaar uit daardie koshuis kom.**

Over de Voor se inwoners is trots om sulke mede-koshuisgangers te hê, en hulle meen dat hulle vir geen ander koshuis hoef terug te staan nie.

Mnr. Callie Coetzee wat vir die termyn 68/69 S.R.-voorsitter was, is vanaf sy eerste jaar in Over de Voor en tans as sewendejaar ook nog in die koshuis. Hy is die seun van prof. P. J. Coetzee wat vroeër vanjaar as professor in Dogmatiek aan die Teologiese Skool begin het, en voltooi verder vanjaar sy studies as teologiese student aan hierdie universiteit.

Mnr. Johan Kruger was vir die termyn 69/70 S.R.-voorsitter en sal volgende jaar ook nog in Potchefstroom wees as deeltydse dosent in die regte. Hy is vanjaar besig met sy finale jaar LL.B.

**Meer aandag**

**Mnr. Leon Wessels is tans gekies as die nuwe S.R.-voorsitter vir volgende jaar 70/71-termyn en is ook 'n regstudent. Hy is van plan om volgende jaar te trou. Dan kan hy meer aandag aan sy akademie gee en ook sy pligte as S.R.-voorsitter na die beste van sy vermoë te verrig, want die slepery sal dan nie so baie tyd in beslag neem nie.**

Die ander S.R.-lede van Over de Voor is mnre. Johan (Botter) Botha, Aalwyn Kraamwinkel, Kobus Booyens, Frans Kruger en Leo van Schaik.

# *Uit die* POSSAK

## WAAR IS DIE PERDRYKLUB?

Geagte Meneer,

Na die opspraakwekkende nuus dat die Puk die eerste universiteit sal wees wat 'n perdryklub het, het dit ewe skielik stil geword.

Geen perderuiter, geen perd, helaas geen teken van 'n opkomende perdryklub nie.

Wat gaan aan? Waarom hoor ons niks? (Daar moes tog seker aan die probleme gedink word voor die kat uit die mou gelaat is.)

As 'n egte pukstudent is ek bang dat 'n ander universiteit ons kan voorspring nog lank voor ons daaraan gedink het om op 'n perd se rug te klim.

Ek hoop van harte dat die perdryklub nie nou iets van die verlede sal word nie.

Opsaal kêrels.
L. v. d. Walt.

## WAS DIT NODIG

Geagte Redakteur,

Hoe mens te werk gaan om iets in die Wapad geplaas te kry weet ek nie. Nogtans stuur ek meegaande artikel saam met die hoop dat u dit kan plaas.

Dit gaan oor 'n aangeleentheid wat ons asters, telkens gedurende die intervarsity-tydperk dwars in die krop gesteek het.

Boonop skryf ek onder die naam „spektrum" en sal dit baie waardeur as dit voorlopig so aanvaar kan word.

**Ish dit nodig? (hik)**

Spektrum.

Telkens met intervarsity het ek myself die vraag afgevra waarom moet die mans tog so drink.

Is dit die wyse hoe die mans hulself vandag probeer opbeur en handhaaf? Moes die gebruik van drank sinoniem word met rugby?


Intervarsity is tog 'n absolute studentegeleentheid. 'n Geleentheid waarvan party 'n „effe" verkeerde begrip het.

In die aand gaan „sêr" die asters by die manskoshuise. Soms word ons gevang en gesmeer, (tydens intervarsity alleenlik) dis nog deel van die „geesvang". Maar hoe 'n bitterheid is dit nie as jy deur 'n persoon op twee bene met 'n aroma wat Ingram's sal laat duisel, gevang en gesmeer word nie.

Al liedjie wat met volle oorgawe en fyn sensitiwiteit gesing kan word — in die regte gees — is: „as vodka en water so eenderste lyk".

Dankie tog vir die wat hulle perke geken het en hul self en ons respek daardeur behou het.

Dankie,
Spektrum.
(Brief verkort — Red).



Voorlopige model van die beoogde Studentesentrum.

# *FONDS VIR STUDENTE-SENTRUM NOU R40,000*

**DIE BEOOGDE Studentesentrum sal so hoekig, bonkig en kantig wees soos 'n Calvinis, het prof. H. J. J. Bingle op 3 September gesê toe hy 'n tjek vir dié kompleks van mnr. Kobus van der Walt, voorsitter van die Karnavalkomitee ontvang het.**

Calvinisme, het prof. Bingle gesê, vorm nie ronde mense wat oral inpas en inval nie. Hulle is juis kantig en skerp om te skaaf en te stamp om voortdurend reformerend op te tree.

Prof. Bingle het 'n foto van die voorlopige model van die beoogde Studentesentrum aan lede van die Studenteraad vertoon en gesê dat dit sowat R2 miljoen sal kos.

Oor wanneer bouwerk daaraan kan begin, het prof. Bingle ook die sluier gelig. Daar sal eers vir die departement Mikrobiologie huisvesting gevind moet word en dit kan eers oor twee jaar geskied.

Die fonds vir die Studentesentrum is nou net meer as R40,000. Die grootste enkele bydraes kom van die studente. In totaal het hulle nou al R14,000 bygedra.

## 'n Terugblik oor die jaar

**„DIS heerlike lente..." en afgesien van die feit dat daar moeilike dae voorlê, kan die lentegees wat meer as een proffie hoofbrekens besorg alreeds onder die studente opgemerk word.**

Lente laat mens onwillekeurig dink aan die einde van die jaar, en elke ding met 'n einde het ook 'n begin. So, kom ons onderneem 'n voëlvlug oor die jaar.

Eerstejaars, ontgroening... lekker ou gekke wat dink hulle is nog steeds die oudste „in die skool!"

Dan karnaval. 'n Reuse-sukses met al die mal dinge wat elke opregte student se hart begeer.

Intervarsity... soet herinneringe. Die Pukke speel en die Pukke wen. Joggie en die ander tien speel, en Joggie en die ander tien verloor...

En nou Lente... en eksamen. Die kombinasie is genoeg om enige normale student na drank te laat gryp. Maak nou maar die beste van die twee en gryp na die teenoorgestelde geslag... *en* jou boeke!


**SOMER- EN WINTERMATERIALE**

van die beste gehalte
Spesiale afslag aan studente

**BAILLIE PARK NAALDWERKSENTRUM**
Holtzhausenstr. Bailliepark Tel. 8321



„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief..."

GEBAK DEUR

Turkstra BAKKERY

ook te kry by u kafeteria


# Instituut wys op V.V.O.-rol in terrorisme

**DIE TEKENS is reeds daar dat die V.V. toenemend betrokke raak in terroriste-bedrywighede, nieteenstaande die stigters se doel was om 'n liggaam daar te stel wat wêreldvrede sou waarborg en om almal te beskerm teen geweld.**

Dié gevolgtrekking word gemaak onder die opskrif „R.S.A., V.V. en Afrika" in 'n onlangse uitgawe van „Nuus oor Afrika", wat saamgestel word deur die Instituut vir Afrikanistiek van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Die welslae wat deur die bestryders van Suid-Afrika bereik is in hulle pogings om die Republiek op sportgebied te isoleer is gedeeltelik te wyte aan die optrede van Afro-Asiatiese state. Hulle is die onvermoeide en bedrywige werkers in hierdie veldtog, meld die artikel.

„Hulle dreigemente om die Statebondspele te boikot as voortgegaan word met die Suid-Afrikaanse kriekettoer in Brittanje, was een van die belangrikste argumente wat geopper is. Hierdie lande het vroeg al geleer hoe om die V.V. te gebruik om hulle strewes te verwesenlik."

Die „rassisme" van Rhodesië, Portugal en die Republiek is naas die toestand in die Midde-Ooste en die vraagstuk van ontwapening die aangeleentheid wat maklik die meeste verg aan tyd, geld en aandag van die V.V.

„Kenners meen dat hierdie liggaam se aandag aan Suider-Afrika hom jaarliks meer as R2-miljoen kos, dat ongeveer 50 lede van die sekretariaat uitsluitlik met sake van hierdie wêrelddeel besig is met 'n verdere 50 lede deeltyds. Dit is groter as die van enige ander groep in hierdie liggaam.

„Meer komitees, subkomitees en werkgroepe is regstreeks betrokke by hierdie sake as by enige ander politieke vraagstukke waarmee die V.V. hom besig hou."

Die artikel vervolg dat daar drie belangrike komitees is wat hulle besig hou met Suider-Afrika-sake en wat regstreeks aan die Algemene Vergadering rapporteer.

- Die komitee van 24 of die komitee oor kolonialisme. Dit is weliswaar ook gemoeid met 'n aantal ander klein gebiede; nogtans word die komitee se aandag oorwegend deur Suider-Afrika in beslag geneem.
- Die spesiale komitee oor apartheid waarin 11 state verteenwoordig is.
- Die raad vir Namibia, met sy eie kommissaris vir Namibia, 'n soort verwyderde goewerneur wat die omstrede gebied uit die vreemde regeer.
- Verder is daar die komitee van sewe lede wat regstreeks aan die Veiligheidsraad verslag doen oor die doeltreffendheid van ekonomiese sanksies teen Rhodesië, met 'n verdere subkomitee wat opdrag het om planne te beraam om toestande in S.W.A. te verander.
- Vanjaar is 'n nuwe liggaam gestig, nl. die komitee vir uitskakeling van rassediskriminasie.

„Sedert 1965 het V.V.-lede meer as R600 000 bygedra tot die Trustfonds vir Suid-Afrika. Dit is gestig deur die Algemene Vergadering ten einde toelaes beskikbaar te stel aan buite-organisasies vir hulp aan politieke gevangenes en vlugtelinge."

- In 1964 het die Veiligheidsraad 'n komitee in die lewe geroep vir opvoeding en opleidingspro-

★ *Vervolg op bladsy 9, kol. 3*

# Ritmegroep se plaat vonkel soos nuwe wyn

**DIT HET tyd geword om 'n platerubriek in Die Wapad te stig. Want oor Johan van Rensburg en die Alabama-ritmegroep se splinternuwe plaat (RPM 5013-S), kan ek nie anders as om te skryf. 'n Ruiker elk vir Rennie, Rudi, Louis en Koos!**

*Verbeelding* is die eienskap wat hierdie langspeelplaat 'n treffer maak. Daar is nie minder nie as elf van Rennie se eie verwerkings, wat die verruklikste verrassings oplewer in die kombinasie van melodieë. Die „mitologiese agtergrond" (sien omslag) van *Beethoven Elephant Walk* verduidelik die kombinasie van *Für Elize* en *Baby Elephant Walk*, en hierdie oorgang, soos ook dié van Mozart se *Sonata in A majeur* na *Ob-la-di Ob-la-da*, dié van die *Radetzky Mars* na die *Ou Kraal-liedjie*, asook die van melodie na melodie in die *Pink Panther Keurspel*, vonkel soos nuwe wyn van pure oorspronklikheid.

**Fyn smaak**

Die kan-ons-nie-meer-verder-gaan-begin-ons-weer-van-vooraf-aan element wat so dikwels in ligte musiek aangetref word, is hier totaal uitgewis deur instrumentale variasies in die herhaling van temas. Naby die einde van *Mozart A-Go-Go* neem 'n ghitaar bv. die melodie van die klavier oor, soos dit ook die geval is in *Net 'n Stille Uurtjie* en *Die Ou Kraal-liedjie*.

Elke opname getuig van fyn smaak. Gewilde temas van Beethoven, Mozart, Paderewski, Offenbach, Strauss en Gershwin word telkens as uitgangspunt geneem, en die verwerkings wat dan volg, in ligte luim, steek af teen min dinge. Vir my is *Bach in die Langpad* die treffersnit. Die styl van Bach met die sterk harmoniese en melodiese suggestie van *Come near to Me* op die klawesimbel teen 'n netjiese ritmiese agtergrond, skep 'n juweeltjie van lewensvreugde.

**Afwisseling**

Aan afwisseling van styl is daar geen skaarste nie. Tussen al die lekker tone-kielie deuntjies vind ons 'n romantiese *Net 'n Stille Uurtjie*, 'n swaarder, meer emosionele *He Ain't Heavy, He's my Brother*, 'n op-en-wakker marsritme in die *Radetzky Mars* en 'n jazz-styl in *This Guy's in Love with You*.

Die plaat het verdere verrassings opgelewer — wie het gedink *You are my Sunshine* kan die aura van 'n Beethoven Sonata aanneem, en wie het kon droom, soos die Apie, dat hy ooit in 'n klassieke gestalte sou kon verskyn!

**Kritiek**

Rennie se waterdruppelaanslag, asook die perfekte sinchronisering van ritme wat al sinoniem is met Alabama, val 'n mens op wat die tegniek betref. Dankie, tog, daar is geen oordonderende ritme van polsende dromme nie, maar 'n fyn balans in die instrumentasie. Die sukses van die opname het hiertoe bygedra, en daarvan kan ons net sê: Netjies!

Een puntjie van kritiek: Die oor word 'n wyle te lank aan 'n lyntjie gehou in die oorgang van *Die Apie sit en Droom* na *Can-Can*. Rennie skryf dit egter toe aan die musikale onvermoë van die Apie (sien omslag).

Die goeie smaak wat kenmerkend is van die hele plaat word voortgesit in die omslagfoto's deur Fotokuns.

## OOR DIE ONDERDEUR

**SO kom daar aan alle goeie dinge 'n einde en onwillekeurig pink ek 'n krokodiltraan weg as ek daaraan dink dat dit die allerlaaste maal is dat ek met my verliefde ou maatjies kan gesels!**

„Minister" **Peet Pelser** en **Jesica Knoetze** berig dat die aandelikse „parlementêre sitting" steeds op liefdevolle vlak geskied. **Karel Mischke** se skielike voorliefde vir rose skyn snaaks te wees... maar as jy na die diamant aan **Gerda Roos** se vinger kyk kan jy seker verstaan.

**Hanlie van der Walt** stuit vir geen duiwel nie — nie met **Johan** so naby in die army nie. **Johan de Klerk** sleep met 'n ool — 0, noem hy net vir **Thersia Strydom** so? **Johan Kruger** het 'n tier gevang, die melk self gedrink en die oog pryk nou aan **Rita Roos** se vinger.

**Dawie van Aswegen** se liefde vir **Erica Pretorius** word op wieke van sy toeter na haar geblaas...

So van **Dawies** gepraat... ons eie redakteur sê ou liefde roes nie — **Jeanette Mengel** is geneig om saam te stem.

Spektrum is 'n doring. Dankie ou.

Nouja, reaksie op die vakante pos wat verleëde jaar by die blou-en-wit-tennis Kadett ontstaan het was oorweldigend. Die applikante moes teen mekaar tennis speel, en die wenner sou die pos kry. In die halfeindronde het **Maryke, Lucille, Magriet** en **Andrè** onderskeidelik teen mekaar te staan gekom. Na twee taai en moeilike wedstryde het **Maryke** en **Lucille** na die eindronde deurgedring. Skouspelagtig! Na die eerste stel het **Lucille** 6—3 voorgeloop, maar **Maryke** het 'n vegtersgees soos min geopenbaar en teruggeveg... Die tweede stel is deur haar ingepalm 15—13 en die derde een sommer maklik 6—0! En deesdae weet mens nie meer of **Nico Botha** in Karlien bly en **Maryke** in Liberalia of andersom nie!

**Neels Smit** sal volgende jaar oor Klawerhof se dakke moet klouter om sy tradisionele klip teen primaria **Hettie Steenkamp** se woonstelvenster te gaan gooi.

**Koos du Toit** en **Irene Harmse** se knaende huistoegaan was darem nie heeltemaal verniet nie — 'n pragtige pêreltjie pryk aan haar fielefooi! Gooi nie vir **Nina Venter** en **Johan Yssel** weg nie. Die twee kap nog net so stewig soos altyd aan. Laat weet ons tog as die groot dag daar is!

**Johan Preller** en **Martie Coetzee** se geval kan voorwaar nie oorhoof gesien word nie. Vier jaar van sleep is 'n prestasie in hierdie verligte eeu van ons!

En **Hanlie Theron** en **Augus** is toe verloof. **Susan Schutte** en **Pieter Lourens** maak ook so en **Zane-Grey Niemand** en **Tooitjie Beselsen** het **ook** hierdie weg ingeslaan. Gelukkige mense die... dink julle nie ook so nie?

Praat van verlief! Kyk dan vir **Mariki Wissing** en **Martin Oosthuysen.** Dit straal! Dieselfde geld vir **Karlien** van Karlien en **Johan Roos.** Dit maak my hartseer!

**Chris Schoeman** het vir **Elsa Pienaar** genafsaseer! Sy is dol oor die man. **Augusta van der Merwe** se hart klop nog sjokolade vir Pretoria. **Wytze** natuurlik.

**Lynette van der Merwe** se oorwoë mening is dat as jy **naby** hom kan wees — basta met die res! **Anton Lubbe** van Drakenstein is ook maar bly dat Klawerhof net oor die straat is!

**Elmarie Küsel** en **Pierre**... ag gebruik nou julle verbeelding verder. **Linda Blom** sê agt jaar van **Tiny van Eck** is glad nie te veel nie. Dis sommer maklik!

**Theo Harris** se kondisie. Mense het julle al gesien? Ook geen wonder nie want **Susan Grovè** se karringmelk beskuit verdwyn soos mis voor die son!

Elke keer as ek van haar skryf dan hoor julle hoe lank is **Marthie le Roux** se ou gesiggie. Wel, hy word steeds langer want Pretoria met **Charles** daarin is darem maar ver!

**Louise Adendorff** en **Hennie Coetzee** trek nog klopdisselboom. Gimmiegat kan getuig hiervan. **Ben Marais** weier nou wel om haar van te sê, maar ek weet dat haar naam **Susan** is... of is dit nou **skat?**

So tussen hakies... 'n „blind date", met dieselfde ou waarmee 'n week tevore „uitgemaak" is, verrig soms wondere... vra vir my, ek weet!

Nouja, dan het die tyd eindelik aangebreek.

Alles wat mooi is vir almal. Lekker sleep en laat die kreet van die Puk dames altyd dieselfde wees as die van die sondige non: „Ah! men!"

Cheers!
Louisa.

## OORLEDE



**WYLE DR. CILLIERS**

Dr. D. J. Cilliers, 'n mediese praktisyn in Potchefstroom en jarelange lektor in Geregtelike Geneeskunde aan die P.U. vir C.H.O. is op 8 September 1970 oorlede. Die begrafnis was op 10 Steptember 1970.

Wyle dr. Cilliers was tot met sy dood die mediese offisier van die Regiment Potchefstroomse Universiteit. Hy het die rang van majoor beklee. Die John Chard-medalje is verlede jaar aan hom toegeken.

## PUKKE DEEL IN KONSERT

DIE Collegium Musicum-koor van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. het 'n uitnodiging aanvaar om saam met die koor van die Universiteit van Pretoria op te tree in die simfonieoreeks van die S.A.U.K. Die gesamentlike koor wat uit ongeveer 115 lede sal bestaan, het saam met die S.A.U.K.-orkes opgetree onder die stok van John Pritchard. Die werke wat uitgevoer is, is die Fantasie vir Klavier, Koor en Orkes van Beethoven en ook Beethoven se Meerestille en Glückliche Fahrt.

Die program is op Dinsdagaand, 15 September, lewendig uit die Johannesburgse Stadsaal uitgesaai en is op Woensdagaand, 16 September, daar herhaal. Op Vrydagaand, 18 September, word die program vanuit die Pretoriase Stadsaal aangebied.

## P.U.-LEIERS NA ENGELAND

**DIE P.U.-Studenteraadsvoorsitter van die afgelope termyn, mnr. Johan Kruger en mnr. Johan van Rensburg van Alabama-faam, is gekies om aan die einde van die jaar oorsee te gaan deur middel van die Abe Bailey-beurs.**

Alle Afrikaanse en Engelse universiteite kry jaarliks die geleentheid om een of twee studente, wat hulle op leiersgebied onderskei het, aan te wys om die toer na Engeland mee te maak.

Mnr. Johan Kruger, 'n finalejaar LL.B.-student, is 'n seun van mnr. en mev. P. Kruger van Bethal.

Mnr. Kruger het die afgelope drie jaar sy merk gemaak in die studentelewe. In 1968 was hy voorsitter van die Karnavalkomitee, bestuurslid van P.N.B. en huiskomiteelid van Over de Voor.

In 1969 word hy gekies as primarius van Over de Voor en voorsitter van die P.N.B. Hy dien ook op die dagbestuur van die Studenteraad en die hoofbestuur van die Afrikaanse Studentebond.



**MNR. J. VAN RENSBURG**

Aan die einde van 1969 word hy verkies as Studenteraadsvoorsitter.

Mnr. Kruger het 'n tydelike aanstelling as dosent in Regte aan die P.U. vir C.H.O. vir 1971 aanvaar en is van plan om in te skryf vir LL.M.

Mnr. Johan van Rensburg, junior lektor in harmonie aan die konservatorium vir musiek, behartig alreeds sedert 1966 die musiekregie van die bekende Albama-Studentegeselskap.

Mnr. Van Rensburg se ouers is mnr. en mev. I. J. van Rensburg van Potchefstroom.





Die kunstenaar David Smith (links) wat die kunstentoonstelling gehou het. Saam met hom is sy sangeres-eggenote, mej. Elizabeth Hawes en dr. Ballot van die dept. Kunsgeskiedenis.
(Foto: Fotokuns)

# *BRIT SE UITSTALLING VIND BYVAL*

**VANAF 18 Augustus tot 12 September het die Brit David-Smith in die kunslokaal 'n uitstalling gehou. Hierdie is 'n puik tentoonstelling van 'n besondere kunstenaar wat al verskeie diplomas en toekennings ontvang het. Hy het verskeie eenmansuitstallings in England gehad, asook in Düsseldorf en Zürich.**

Smith is al vanaf 1939 in die kunsonderwys betrek en is tans verbonde aan die Camden Art Centre in Londen. David Smith is geen onbekende in Londen nie en word jaarliks genader om van sy nuwe werke by die Royal Academy of Art te vertoon.

Gedurende Augustus is hy in Johannesburg en Pretoria met entoesiasme ontvang en stal hierdie maand ook in Klerksdorp uit. Vir elke uitstalling het hy verskillende werke saamgebring. Sy onderwerpstudies wissel van landskappe tot stillewes en industrie-uitbeeldings. Hy vertoon Wes-Transvaalse landskappe en tonele van Yskor en Klerksdorpmyne.

Wat veral opval is sy besondere tegniek, nl. die dik verfaanwending wat hy dan ook baie goed beheers. Sy kleurgebruik is baie suiwer en hy kon reeds daarin slaag om die Suid-Afrikaanse landskap, en veral Wes-Transvaal, te deurvors. Sy werk blyk ook gewild te wees onder die Potchefstroomse publiek, daar meeste van die werk wat hier vertoon word, reeds verkoop is.

Hy en sy vrou, die sangeres Elizabeth Hawes, vertoef tot 15 September in Suid-Afrika. Sy is dosente aan die Trinity College of Music in Londen en was vir twee maande gasdosente aan die plaaslike Konservatorium.

# SCAPINO GETUIG VAN PUIK SPEL EN AFRONDING

**Stuk: Jakkalsstreke van Scapino deur Molière.**
**Regie: Elize Scheepers.**
**Totiussaal, 14—19 September, 8.15 nm.**
**Pieter Fourie, Mariëtte Ferreira, Cronjé Lemmer, Lappies Labuschagne, Johann Pieterse, Philip Naudé, Peanuts Swanepoel, Tippie Kriel, Susaar Eksteen, André de Deeré, Pierre van Pletzen.**

**SUIWER GENOT is dit van begin tot einde, hierdie heerlike opvoering van Molière met al die prag en sprankeling van die tyd waarin dit geskryf is. Van die oomblik dat jy deur Lodewyk XIV se tuin loop met harlekyne wat hulle programme en blomme opveil, jou plek as howeling in die paleissaal inneem tot die vrolike einde, is dit 'n belewenis.**

Terug in die weelderige hof van die Franse koning word 'n mens verplaas deur die getrouheid aan die periode, die mooi dékor, die pragtige kostuums en die hele opset van die opvoering.

**Swaardgeveg**

So word daar atmosfeer geskep voor en tussen die drie bedrywe deur die speel van Barokmusiek, heel oortuigend oënskynlik deur Alta McDonald. Die plegtige binnekoms van die hoëlui, die akrobatiese dans en die swaardgeveg berei die howelinge voor vir die aanvang van die hoofdis aan die koning, waarvoor Pierre van Pletzen op tipiese wyse eers toestemming vra.

Die ster van die aand is Pieter Fourie in die rol van Scapino, die slinkse bediende, die meester van elke situasie. Pieter het die sonderlinge vermoë om die rol te word en tog homself te bly en so altyd te oortuig. Daar is beweeglikheid, vitaliteit en sprankeling en 'n pragtige humor in sy hele vertolking.

**Teenstelling**

Dit was 'n intelligente vinding dat Cronje Lemmer die rol van die ander bediende, Silvestro, so heeltemal in teenstelling met die van Scapino vertolk. So word hy 'n karakter in eie reg en word nie deur Scapino se spel oorheers nie. Hy sorg vir heelwat komiek in die opvoering.

Mariëtte Ferreira (Zerbinetta) vertolk haar rol met beweeglikheid en 'n speelsheld, Tippie Kriel (Giacinta) verkry die fynheid en aangeplakte melankolie wat baie goed pas in dié rol. Die forse en verwoede Argante (Lappies Labuschagne) en die skreeusnaakse Geronte (Johann Pieterse) dra by tot die doodlageffek van die opvoering. Ottavio en Leandro (Philip Naudé en Peanuts Swanepoel) pas goed in hulle onderskeie rolle — Peanuts kon miskien so effens sterker gespeel het.

Die klein vertolking van Nerina (Susaar Eksteen) is pragtig en ook André de Deeré (Carlos) oortuig.

Hierdie opvoering munt uit deur die keuse van 'n baie goeie stuk, goeie regie, fyn afronding, sprankelende spel en puik tegniese versorging. Dit is 'n belewenis wat niemand mag misloop nie.

L. Groenewald.

# *Perkamentpraatjies*

## DIE ANDER KYK

**MEER as net 'n kyk met die oë is dit, dit is ook verstaan en inleef en dit hou ook die moontlikheid van verandering van die wat kyk, in. Dit is om 'n toneelopvoering by te woon.**

Dit is nodig dat jy iets sal weet van die toneelstuk wat opgevoer word, iets van die dramaturg en besef wat hy wou sê. Om bv. 'n Shakespeare-stuk te gaan sien sonder dat dit eers gelees is, is om veel van dié woordkuns verlore te laat gaan.

Wanneer jy besef wat die dramaturg se oogmerk was, kyk jy of die regisseur geskep het of vertolk het of albei, is hy getrou aan die dramaturg se bedoelings of gee hy 'n geheel nuwe interpretasie aan die stuk. Is dit geslaagd? Maak hy dit weer opnuut 'n belewenis vir die gehoor?

**Spelers en tegnici**

Ook in die vertolking van al die ander kunstenaars, die spelers en die tegnici, is die belangrikste vraag of hulle oortuig. Is elke rol geskik vir die speler wat dit moet vertolk? Oortuig hy deurdat hy 'n begrip toon vir die rol? Pas sy stemgebruik, sy beweging, gebare en ouderdom in die rol? Is daar beheersing en deurlewing in die vertolking?

**Vinnige tempo**

Ook moet 'n mens let daarop of die spelers goed saamspeel en of die tempo pas by die stuk, 'n klug vra bv. na 'n vinnige tempo.

Die tegnici se werk sluit die dékor, die kostumering, die grimering, die beligting en die gebruik van byklanke in. Die vernaamste funksie hiervan is om mee te help, sodat die opvoering as geheel 'n eenheid vorm. Die tegniese aspekte moet nooit doel op sigself word nie, maar die klem laat val op die spel.

Die toeskouer vra hom dan ten slotte die drie vrae van Goethe af: wat wil die kunstenaars sê, hoe goed sê hulle dit, en was dit alles vir almal die moeite werd?

Die grootste bydrae wat die toeskouer kan maak tot die belewing van hierdie soort kuns, is om hom oop te stel vir ervaring en dit te geniet.

# *HIER IS DIE RUBRIEKSKRYWERS*



REFLEKTOR

JOHANN PRELLER



KOEKELOER

LOUISA VAN DER VYVER

Dit is met 'n mate van weemoed wat ek my Reflektoriese pen neerlê, maar met geen geringe mate van verligting nie. Die las van anonimiteit was soms swaar om te dra, veral as die gesigte in die omgewing van die kafeteria lank was.

Dit is te betreur as daar mense is wat persoonlik getref mag voel — dit was nooit die doel nie. Reflektor mag subjektief wees en hy was subjektief.

Ek verklaar egter plegtig dat ek geen sentiment voel jeens Reflektor of sy geskrifte nie.

Hallo! Die wat altyd kamtag kwaad was omdat hul name in Oor die Onderdeur verskyn het, is tog seker nie rêrig kwaad vir my nie. Is julle?

Dit was aangenaam om die Puk se sleepsake te „behartig". Veral as jy met sulke gewillige slepers te doen gehad het!

'n Mens sou graag een en almal wat sleep se name wou laat verskyn het, maar jou bronne raak ook maar uitgeput en sodoende is baie slepers oor die hoof gesien. Ons oordeek dit maar met die vleuels van die liefde, of hoe?

## OORSEE

DR. C. J. REINECKE van die departement fisiologie het na Switzerland en Nederland vertrek waar hy verskeie lesings sal lewer op uitnodiging.

**Totdat ons mekaar dan eendag in die straat ontmoet . . . in 'n ander dekade, 'n ander situasie, 'n ander plek, 'n ander status . . . vergesel van ons kroos . . .**

**Cheers.**

AS TWEE GROTES
SAAMSPAN
KRY JY
DIE WENSPAN

SAAMBOU-NASIONALE BOUVERENIGING

Hoofkantoor: Kerkplein 13, Pretoria.
Landswyd deur takke en agente verteenwoordig.

# PUKKE TROEF DIE SNAAKSE FRANSE

**EN TOE KRY die Pukke reg wat die Ikeys nie kon doen nie. Die Theos het onlangs met die toerspan van die Paryse Universiteit afgereken, nadat hulle vroeër dieselfde week met die interuniversitêre kampioene, Ikeys afgereken het. Die Pukke het met 24—12 geseëvier, nadat hulle rustyd 16—3 voor was.**

In die eerste helfte het die tuisspan die toeskouers op hol gehad met hulle puik spel en die Franse was net nie opgewasse teen die Theos se puik dryfspel onder die voorspelers nie. Daarby was Henk Coetzee se stewel op sy stukke en het hy dikwels die spel dikteer.

Na rustyd het dinge egter slapper begin gaan en het die Franse geleentheid gekry of met hulle onortodokse hardlooprugby vorendag te kom. Hierdie manne speel baie los, maar 'n hele verrassingsbeweging het die Pukke lelik laat bontstaan.

Die besoekers se warm humeure het ook dikwels vir heelwat opskuddings gesorg. 'n Hele paar vuishoue het aan albei kante geval en Tiaan Coetzee, een van die Puk se vleuels, het 'n ribbesering na 'n losskrum opgedoen. Hy moes voor rustyd die veld verlaat en Bernard Bernardo het toe gaan vleuel speel.

**Die grootste uitblinker op die veld was ongetwyfeld die Puk se heelagter, Schalk van der Merwe. Hy het vir nie minder as vyftien punte gesorg nie, toe hy self gaan druk, asook drie vervyfskoppe en twee strafskoppe benut het nie. Daarby was sy spel in die algemeen ook uit die boonste rakke.**

Die Pukke se ander punte is aangeteken deur Charles Venter, Jannie Barnard en Neels de Bruin, wat almal drieë aangeteken het.

In 'n voorwedstryd vir hierdie botsing, het die Pukke se tweede span die R.A.U. met 26—3 verslaan. Die geeltruie wat vanjaar deur Christo Holtzhauzen afgerig word, het praghardlooprugby gespeel en hulle teenstanders heeltemal oorskadu.

Die eindwedstryd vir die koshuisliga het nie die hoogtepunte bereik wat daar van die wedstryd verwag is nie. Daarvoor was die stryd gans te los. Drakenstein het egter daarin geslaag om met 8—3 te wen en hulle is waardige wenners van die koshuisliga.

## PUKKE WAT PRESTEER

# Andre Laas

**'N KLEURVOLLE karakter het uit die Puk se krieketkamp verdwyn. Jos Coetzee, bekende en gewillde kaptein van die eerste span vir die afgelope paar jaar, het die spel vaarwel toegeroep.**

Die kêrel op wie sy mantel geval het, is egter heeltemal opgewasse vir die taak. Andre Laas speel al jare lank groot krieket en is sedert 1967 'n staatmaker in die Puk se krieketspanne.

Hy het reeds in St. 3 begin om sy naatballe te boul en speel reeds in St. 6 vir die Vereenigingse Hoërskool se eerstespan. In St. 8 begin hy ook in die plaaslike senior ligas speel en die daaropvolgende jaar word hy gekies vir die Transvaalse Nuffieldproewe. Hy het twee keer hierdie prestasie behaal.

Andre speel reeds die afgelope vyf jaar krieket in Wes-Transvaal en was sedert sy eerste jaar die staatmaker in Pote se eerste span. Aangesien hy egter op die Puk ingeskryf is, kon hy ook vir die Pukke speel en neem hy reeds sedert 1967 aan interuniversitêre toernooie deel.

Kenners is dit almal eens dat Andre in 1968 besonder ongelukkig was om nie vir die Suid-Afrikaanse universiteitespan gekies te word nie. Verlede seisoen is hy egter daarvoor vergoed toe hy vir die Wes-Transvaalse span gekies is, wat aan die Transvaalse plattelandse proewe deelgeneem het.

Laas is by uitstek 'n uitstekende snelbouler, wat reeds bekendheid verwerf het vir die wyse waarop hy die bal laat beweeg. Hy is egter nie 'n pampoen met die kolf nie en het al verskeie kere sy span se beurt geopen. Vanjaar sal hy seker weer dikwels die kolfwerk open, as die erkende manne nie beskikbaar is nie.

# Wits flous Pukjongspan

**DIE PUK SE rugbytrots het onlangs 'n harde knou weg. Die onder-20 span, waarop almal so trots is, is deur hulle eweknie van Wits met 19—16 verslaan. Hierdie wedstryd was een van die voorwedstryde vir die wedstryd tussen die All Blacks en die Gaselle.**

Nadat die Pukke vroeg in die wedstryd punte aangeteken het, was hulle nooit weer in die prentjie nie, tot reg aan die einde, toe hulle amper die knoop deurgehak het. James Stoffberg, die jongspan se kaptein, was al op pad doellyn toe, toe die fluitjie blaas vir 'n vorentoe aangee en daarmee ook die eindfluitjie.

Vir die grootste gedeelte van die wedstryd, was dit egter die Witsies wat vir die beste rugby gesorg het. Die besoekers se slotte Ord en Cayler, het baas gespeel in die lynstane en gesorg dat hulle snellers oorgenoeg van die bal te sien kry.

Ook in die los en vaste los het die Pukke honger gely. Die keuse van 'n derde slot in plaas van 'n losvoorspeler, het misluk en die besoekers was lank voor die Pukke by die losbal. Daarmee het Wits se skakelpaar baie meer beweegruimte geniet as Koos Coetzee en Piet Roodt van die Pukke.

Agterlangs het die Johannesburgers gladweg beweeg en veral senter Demaringy het telkens gevaarlik gelyk teen die Pukke se halfhartige verdediging. Telkens is 'n man beetgekry, maar net so telkens het die teenstanders weer losgeruk en verder gegaan.

Dit was ook eers teen die einde van die wedstryd wat die Pukke se gevaarlike driekwarte op volle vaart beweeg het. Hulle het op daardie stadium gesorg vir een van die mooiste drieë van die dag, maar dit was te laat om die wedstryd te red.

## AFRIGWEEK

'n Besonder gunstige reaksie is van voornemende kursusgangers ontvang vir die afrigtingsweek (21 tot 26 September) in krieket en tennis by die Potchefstroomse Universiteit. Vir elk van die sportsoorte is ongeveer sestig inskrywings ontvang. Die belangstelling was so oorweldigend dat inskrywings gesluit moes word.

Volgens die Direkteur van die Sportinstituut aan die P.U., mnr. Piet Malan, sal die kursusgangers in krieket afgerig word deur die beroepsafrigter van Engeland, Richard Langridge en ander helpers, en die tennisspelers deur die beroepsafrigter Kenny Smith wat ook van ander deskundige hulp gebruik sal maak.

'n Eendaagse krieketwedstryd waarin die Springbokkaptein Ali Bacher 'n span bestaande uit belowende Nuffieldkrieketspelers sal aanvoer teen 'n uitnodigingselftal van die P.U. vorm die hoogtepunt van die week. Die wedstryd vind aanstaande Saterdag 26 September plaas. Elk van die twee spanne sal minstens twee Springbokke insluit.

### V.V.O. EN TERRORISME

★ *Vervolg van bladsy 6*

gramme vir Suid-Afrika. Die geld word aangewend vir politieke vlugtelinge uit hierdie gebied.

- In Genève woon die V.V. se Hoë Kommissaris belas met die saak van vlugtelinge. Ook hy hou hom besig met Suid-Afrikaanse sake.
- Een van die sekretariaatgroepe is die Eenheid oor Apartheid. Sy taak is om maksimum publisiteit te gee aan die euwels van apartheid.

Waarnemers meen dat die Afro-Asiate besig is om die aandag van die V.V. aan Suid-Afrika af te meer te dwing op die pad van geweld deur hulp te verleen aan die terroriste bevrydingsbewegings, meld die artikel.

„Die V.V. mag self geen materiële hulp aan die terroriste verleen nie. Die taktiek skyn nou te wees om simpatieke ledestate te dwing om groter regstreekse hulp te verleen in die vorm van geld, medisyne en voorrade en, indien moontlik, selfs wapens."

# PUKKE KNOU SONDAGKRIEKET

**DIE PUKKE se kanse is vanjaar beter as ooit om die Wes-Transvaalse krieketliga te buit. Die rede hiervoor is omdat daar vanjaar geen Sondagkrieket in Wes-Transvaal gespeel sal word nie.**

Die speeltyd van alle ligawedstryde is vanjaar slegs agt uur. Verlede jaar het die spanne wat aan Sondagkrieket deelgeneem het elf uur tyd gehad om hulle wedstryde te voltooi. Spanne soos Stilfontein en Strathvaal het dus verlede jaar die liga gebuit omdat hulle meer tyd gehad het om hulle wedstryde te voltooi.

Die Pukke was verlede jaar onoorwonne in Wes-Transvaal maar kon nie altyd dubbelbeurt oorwinnings in belangrike wedstryde behaal nie, omdat die speeltyd beperk was.

Nog 'n verblydende aspek in vanjaar se reëlings is die feit dat slegs ses spanne vanjaar aan die eerste liga sal deelneem. Hierdie liga sal by wyse van 'n dubbelrondte beslis word.

Sodoende behoort die standaard van Wes-Transvaalse krieket aansienlik te verbeter. Verlede jaar was daar twaalf spanne in die eerste liga en al hierdie spanne kon nie die mas opkom nie. Die Pukke het verlede seisoen nie minder as vyf beurtoorwinnings behaal nie. Hulle het dus vir 10 Saterdae krieket teen minderwaardige teenstanders gespeel.

Een van die groot redes waarom die Puk nie daarin kan slaag om puik Nuffieldspelers hierheen te lok nie, is juis die feit dat hulle strawwer ligakrieket in die groter provinsies kan speel. Hoe strawwer die krieket, hoe hoër is die standaard daarvan.

Ook vir die tweede span sal vanjaar se ligabepalings 'n groot toets wees. Ses spanne, wat verlede jaar aan die eerste liga deelgeneem het, speel vanjaar in die tweede liga.

Die Pukke het die tweede liga vir die afgelope paar jaar oorheers, maar kry vanjaar te doen met gedugte spanne soos Weermag, P.O.K. en Stewartby.

# RUGBYSUKSES VERDIEN LOF

**'N SEISOEN van teleurstellings, maar nogtans een van die beste seisoene wat die Puk se rugbyklub nog beleef het. In hierdie teenstrydigheid lê die verhaal van vanjaar se rugbyseisoen opgesluit.**

Die Theos het vanjaar vir die beste rugby gesorg wat vir 'n lang tyd deur die Theos opgelewer is. Tog kon ons nie een Wes-Transvaalse beker wen nie en is die kampus weer met die ene verf besmeer.

## op eie werf

Maar kom ons vergeet daarvan en dink liewer aan daardie glorieryke intervarsityoorwinning en die sege oor die Franse. Daarby weet ons darem hoe dit voel om die Pote met 30—3 te vermorsel, al loop hulle nou breëbors op die Bult rond.

Ook die onder-20 span is beskryf as een van die beste in jare. Tog het hulle ook onlangs teen Wits verloor en boonop verdien om te verloor. In Wes-Transvaal bestaan hulle gelyke egter nie. Daarvan getuig die groot aantal spelers in die Wes-Transvaalse jongspan.

**Tog het ons nie rede om te wanhoop aan die Puk se rugbytoekoms nie. Die tweede span het vanjaar 'n puik rekord daargestel, ondanks hulle loesing teen Ukovs en boonop gesorg vir rugby wat lank onthou sal word.**

Die koshuisliga gaan steeds van krag tot krag. Talle spelers het elders al hoëre louere verdien, nadat hulle op die Puk koshuisrugby gespeel het. In wedstryde teen ander klubs het koshuisspanne ook getoon dat hulle hul man kan staan. Dis net jammer dat geen koshuisspan tydens intervarsity kon wen nie.

Die grootste teleurstelling van die jaar is stellig nog Piet Brandt se besering. Hierdie groot slot was op die randjie van groter louere toe sy knie beseer is.

## PUKKE HELP SKOOLSEUNS

Deesdae bestee die Pukke sommer baie geld aan die bevordering van krieket in Wes-Transvaal. Behalwe vir die wedstryd teen 'n S.A. Skole XI, bied die Sportinstituut ook eersdaags 'n afrigtingskursus by die Dam aan.

Hierdie kursus word spesiaal gereël vir belowende skoolseuns in Wes-Transvaal en staan onder leiding van Richard Langridge, die Britse beroepspeler wat weer vanjaar die Pukke sal afrig.

Volgens mnr. Andre Laas, kaptein van die krieketklub, behoort die seuns, sowel as hulle onderwysers daarby baat te vind. Die kursus vind gedurende die skoolvakansie plaas en duur vanaf die 21ste September tot die 26ste September.

Intussen word berig dat 'n soortgelyke tenniskursus ook aangebied word. Hierdie kursus word behartig deur mnr. Kenny Smith, wat ook vanjaar die Pukke afrig.

DIE BULT DROOGSKOONMAKERS
Spesiale diens
Voor 12 vm. dieselfde dag
Kollektante in koshuise

# EERSTE KRIEKETSKOTE KLAP VROEG

**DIE RUGBYSEISOEN is iets van die verlede en môre begin die nuwe krieketseisoen in volle stoom. Die eerste span speel môre op Witrand sy eerste wedstryd, as hulle teen 'n span van Tukkies te staan kom.**

Hierdie wedstryd sal grootliks dien as 'n kleedrepitisie vir die groot stryd wat die daaropvolgende Saterdag wag. Dan speel die Pukke teen 'n Suid-Afrikaanse skole XI, wat deur Ali Bacher aangevoer word.

Die Tukkies het verlede jaar nie te waffers gevaar op die inter-universitêre toernooi nie, maar behoort nogtans 'n gedugte toets vir die Pukke te wees. Francois le Roux is 'n man met Curriebeker ondervinding en Johan van Rensburg is self 'n gereelde provinsiale snelbouler.

Daarby speel die manne, wat vanjaar deur Jackie McGlew afgerig word, in 'n beter liga as die Pukke en hulle ondervinding kan handig te pas kom. Boonop is die Pukke môre sonder 'n paar staatmakers en sal daar baie geskaaf moet word aan die beskikbare talent.

**Belowende jong manne soos Div du Toit, Jan de Waal, Phillip en Jos Welman kan almal dalk die geleentheid aangryp om vanjaar hulle merk te maak.**

Dit sal ook die eerste keer wees dat die Pukke sonder hulle kaptein, Jòs Coetzee moet klaarkom, nadat hy die spel vaarwel gesê het. Sy plek sal ingeneem word deur Andre Laas. Ander staatmakers wat nie kan speel nie is Sias Willemse, wat militêre opleiding ondergaan en Anton Welman, wat nie vir die wedstryd beskikbaar is nie.


**Tweede span**

Die tweede span kry ook 'n kans om sy slag te toon, wanneer hulle teen die Pote te staan kom. Laasgenoemde span het vanjaar sy eerste ligastatus verloor en sal nou saam met die Puk se tweede span in die tweede liga meeding.

Die koshuisliga het ook reeds begin en twee wedstryde is verlede Saterdag afgehandel. Drakenstein se A-span het met Landboukollege afgereken en Over de Voor het Dawie Dup geklop.

Die volledige bepalings vir môre se koshuisligawedstryde is: Hombré vs. Dawie Dup (Pukveld), Kompleks vs. Landboukollege (Landboukollege), Over de Voor vs. Dorp (Witrand).

## Krieketoefening



**Môre klap die eerste krieketskote, maar die manne is reeds druk besig om voor te berei. Netoefeninge is reeds verskeie weke aan die gang en eersdaags sal Richard Langridge weer die manne touwys maak. Op die foto is Andre Laas besig om te kolf, terwyl Div du Toit en Nic Breedt hom fyn dophou. (Foto: Ben van der Walt)**

# PUKKE HAAL NOORDELIKE UNIVERSITEITE

Twee Pukke het vanjaar die rugbyspan van die Noordelike Universiteite gehaal. Hulle is Phil Steyn en Bernard Bernardo, wat gekies is om in voorwedstryd vir die laaste toets, teen die Kwaggas te speel.

Tydens hierdie wedstryd, wat deur die Kwaggas gewen is, het Bernard Bernardo 'n skitterende drie gedruk, toe hy vanaf sy teenstanders se kwartgebied met die bal weggebars het en sy pad oop gestoomroller het. Ongelukkig was hy vir die res van die wedstryd redelik stil en het effe lusteloos vertoon.

Darenteen het Phil Steyn deurgaans hard gespeel en 'n paar goeie balle bemeester die teen die Gasellenslot, Con Dreyer. Ook in die los het hy hard gewerk.

Iemand wat tereg ongelukkig geag kan word, omdat hy nie vanjaar hoëre louere verdien het nie, is ons heelagter Schalk van der Merwe. Hy moes terugstaan vir Olaf de Meyer, wat al vir Noord-Transvaal gespeel het, maar wat nie baie waffers vertoon het op Ellispark.

# POTE VERNEDER PUK

**NOG 'N TROFEE is neusie verby vir die Theos en daarmee het die Puk se rugbytrots 'n harde knou weg. 'n Begeesterde Potespan het die Pukke in die tweede rondte van die Blaine uitklopreeks met 12—11 verneder.**

Hierdie neerlaag kan tereg as 'n vernedering beskou word, want vroeër vanjaar is dieselfde Potespan nog met 30—3 verslaan. Laasgenoemde span het egter hulle oorwinning terdeë verdien, nadat die Pukke gesorg het vir hulle swakste vertoning vanjaar. Mens kan seker toegee dat die Pukke teen die tyd al moeg is vir rugby, nadat hulle die afgelope tyd heelparty belangrike wedstryde moes speel, maar dit wil egter nie impliseer dat die Pote gelukkig was om te wen nie.

Daarby het die Pukke seker ook rede om te kla oor die wyse waarop die skeidsregter, mnr. G. C. Breytenbach die wedstryd hanteer het. Deur die Pote toe te laat om gedurig onkant te speel is baie van die Pukke se besit van die losbal geneutraliseer, en is hulle spelpatroon effens ontwrig.

Dit was egter skokkend om te sien hoe die Pukke gesukkel het om die losskrums, waaraan hulle so goed gedril is, te wen. 'n Veel ligter, maar begeesterde Potepak het soos tiere ingeklim en een losskrum na die ander gewen. Selfs in die lynstane moes die Pukke toesien hoedat die bal van hulle slotte afgeneem word en aan Pote se snellers gevoer word.

Daarby het veral Henk Coetzee maar bra onseker vertoon en kon die Pukke agterlangs ook nooit regtig in rat kom nie. Aanvanklik het Gerrit Botha gevaarlik vertoon, maar twee aanslane voor 'n oop doellyn het hom egter die gramskap van die Pukondersteuners op die hals gehaal. In albei gevalle het hy egter twee swak aangeë ontvang.

Bart Saayman, wat in die beseerde Tiaan Coetzee se plek gespeel het, het ook nie 'n gelukkige wedstryd gehad nie. Saayman het selde voluit beweeg of probeer om sy man te klop.

In die tweede helfte het sake voorlangs verbeter, maar dit was nog nie goed genoeg nie. 'n Paar belowende pogings van die agterspelers het telkens verlorè gegaan as gevolg van swak ondersteuning en afronding. Schalk van der Merme, het 'n paar mooi dinge gedoen, Charles Venter en Piet Roodt het almal gevaarlike breekslae geloods, maar die pogings het skipbreuk gely.



**Andre Laas, wat vanjaar die Pukke se krieketkaptein is. Hy volg Jos Coetzee op, wat besluit het om die spel vaarwel te sê. (Sien Pukke wat presteer op bladsy 9.) (Foto: Ben van der Walt)**

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*


U kan gerus u bande versool by . . .

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)



Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5038





Die winkel waar die kieskeurige dames koop.


# Neutkraker hier opgevoer

Die gewilde ballet, Die Neutkraker (Casse Noisette) word op Donderdag 8 Oktober om 8 nm. in die Potchefstroomse Stadsaal deur Truk aangebied.

As keuse van hierdie stuk om 'n plattelandse toer mee te onderneem, kon TRUK beswaarlik beter doen.

Die Sjinese dans, die dans van die blomme, tower reeds 'n aangename prentjie van 'n ballet wat van oud tot heel jonk sal bekoor.

Die storie sal liewer nie vertel word nie, maar die aanbieding van Truk is iets vir die hele gesin — 'n rariteit deesdae.